

# Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se kommunikasiediens (GCIS)

Afrikaans/English

Mei 2022 Uitgawe 1

## Vloedverligting vir KZN en Oos-Kaap

Allison Cooper

**D**ie regering sal inwoners van KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap help om hul lewens en wonings te herbou nadat onlangse vloede in die twee provinsies erge lewensverlies en verwoesting veroorsaak het.

President Cyril Ramaphosa het aangekondig dat die Nasionale Tesourie fondse vir verligtingspogings beskikbaar sal stel om hulp te verleen aan diegene wat deur die vloede geraak is.

“Die minister van finansies het aangedui dat R1 miljard onmiddellik beskikbaar is,” het die President gesê.

President Ramaphosa sal ook die Parlement nader vir bykomende hulpbronne.

Die regering werk saam met die Solidariteitsfonds, die privaatsektor en nie-regerings- en gemeenskapsgebaseerde organisasies om slagoffers by te staan.



President Cyril Ramaphosa besoek mense wat deur die vloede in KwaZulu-Natal getref is.

Die Solidariteitsfonds sal 'n aparte bankrekening vir die vloedramp oopmaak sodat Suid-Afrikaanse en internasionale skenkers tot die verligtingspogings kan bydra.

Die regering sal ook geskenkbewyse verskaf om huishoudings te help om gedeeltelik-beskadigde huise te herbou, het die President gesê.

“'n Omvattende assessering van die ekonomiese koste van dié vloede moet nog gedoen word, maar dit is duidelik dat die herbou van infrastruktuur en verlies aan produksie bil-

joene rande sal beloop.” Hy het bygevoeg dat die geld wat opsy gesit word vir die vloedslagoffers diegene

Vervolg bl. 2



**Veg teen misdaad, nie migrante**

Bladsy 3



**BLY VEILIG**


WORD INGEËNT OM SUID-AFRIKA TE RED

SAAM KAN ONS DIE KORONAVIRUS OORWIN





**Hemofilie kan behandel word**

Bladsy 10



Om Vuk'unzenzele te lees, laai die GOVAPP af op:

Soek vir SA Government op Google Playstore of Appstore

**KONTAK ONS**

Webwerf: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za) E-pos: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za) Tel: (+27) 12 473 0103

Tshedimosetso House:  
Hv. Frances Baard- en Festivalstraat 1035, Hatfield, Pretoria, 0083

**GRATIS, NIE TE KOOP NIE**

## Vanaf bladsy 1

moet bereik wat dit die meeste benodig.

“Dit sal krities wees, wanneer ons dié taak onderneem, dat alle hulpbronne wat ons mobiliseer wel aangewend word vir die doel waarvoor dit bestem is en mense vir wie dit bestem is, bereik. Daar kan geen ruimte wees vir korrupsie, wanbestuur of bedrog van enige aard nie,” het die President benadruk.

## Drie-fase reaksie

President Ramaphosa het gesê dat die regering se reaksie op die ramp in drie fases sal plaasvind.

Daar sal eerstens 'n fokus wees op onmiddellike humanitêre verligting om te verseker dat almal wat deur die vloede geraak is, veilig is en dat daar aan hul basiese behoeftes voldoen word.

“Tweedens sal ons fokus op stabilisering en herstel deur behuising te verskaf aan mense wat hul wonings verloor het en die herstel van dienslewering. Derdens sal ons fokus op herkonstruksie en herbou,” het hy gesê.

Die herkonstruksie- en herbou-fase sal die oprigting van huise in geskikte gebiede insluit.

Die departement van menslike nedersettings het reeds met 'n assessering van die skade aan behuising regoor die provinsies, begin.

“'n Onmiddellike taak is om behuising te verskaf aan die mense wat deur die vloede dakloos gelaat is en voorbereiding is onderweg om tydelike behuisingseenhede te verskaf,” het President Ramaphosa gesê.

Die departement van openbare werke en infrastruktuur is besig om geskikte staatsgrond te identifiseer wat vir hervestiging gebruik kan word.

## Grootskaalse skade

Die reën het grootskaalse skade aan huise, besighede,

paaie en brûe, asook water-, elektrisiteit-, spoor- en telekommunikasie-infrastruktuur veroorsaak. Skole, gesondheidsorgfasiliteite, polisiestasies en landdroshowe is ook geraak, asook brandstof- en voedselvoorraad.

“Na beraming is meer as 270 000 leerders geraak en meer as 600 skole beskadig; daar is geen toegang tot 16 van hierdie skole nie weens skade aan paaie en brûe.

“Ses-en-sestig openbare gesondheidsorgfasiliteite is geraak, alhoewel daar minimale onderbrekings in gesondheidsorgdienste in die meeste van die geraakte distrikte is,” het die President gesê.

Breedvoerige werk is onderweg om basiese dienste in verskeie dele van KZN te herstel.

Meer as 400 mense in KZN het hul lewens verloor en baie mense word vermis. Een sterfte is ook in die Oos-Kaap aangeteken.

Meer as 4 000 huise is vernietig en 8 300 is gedeeltelik beskadig, met 40 000 mense wat dakloos gelaat is.

Die President het gesê dat die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) reddingsoektogte gelei het.

Dit sluit in die ontplooiing van SAPD-personeel, duikspanne, honde-eenhede en verskeie vaartuie, helikopters en vastevlerk-vliegtuie na meeste van die geraakte gebiede.

“Lugvaartuie van die SANW is gebruik vir beide redding en die aflewering van noodvoorraad — soos voedsel, water, tente en komberse — aan mense in ontoeganklike areas.

“Ek het die SANW gemagtig om meer personeel, waterstoring- en watersuiweringsvoorraad en ingenieurspanne in te bring om te help met die herstel van elektrisiteit en watertoevoer,” het hy gesê.

Daarbenewens het



Die reën het erge skade aan huise, ondernemings, paaie en brûe, asook water- en elektrisiteitsinfrastruktuur, veroorsaak.



staatsdepartemente op nasionale en provinsiale vlak, munisipaliteite, nie-regeringsorganisasies en sakelike basiese noodvoorraad soos kos, komberse, matrasse, klere, chroniese medikasie, toiletware en kookgerei versprei.

Die Kabinet het onlangs 'n

nasionale ramptoestand na aanleiding van die vloede verklaar.


Die President het die vloede as 'n humanitêre ramp beskryf, wat 'n “reuse en dringende verligtingspoging” noodsaak.

“Die lewens, gesondheid en welstand van duisende mense is steeds in gedrang.

Die vloede het grootskaalse ekonomiese en maatskaplike skade verrig,” het hy gesê.

Durbanhawe, wat van sleutelbelang tot Suid-Afrika se ekonomie is en een van die grootste en besigste verskepingsterminale op die kontinent is, is grootliks geraak.

“Die belangrikheid van Durbanhawe en die verwante infrastruktuur vir die doeltreffende bedryf van die land se ekonomie beteken dat dié rampe implikasies inhou vir veel meer as net KZN,” het die President gesê.

Vordering is reeds gemaak in die herstel van werksaamhede by Durbanhawe, die oopmaak van alternatiewe roetes vir trokke om toegang tot die hawe se terminale te verkry en om puinmateriaal in die hawe te verwyder. 



government communications

Department: Government Communication and Information System  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: 012 473 0353

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

Head of Editorial and Production

Regomoditswe Mavimbela  
[Regomoditswe@gcis.gov.za](mailto:Regomoditswe@gcis.gov.za)

Editor-in-Chief

Tyrone Seale | [Tyrone@gcis.gov.za](mailto:Tyrone@gcis.gov.za)

Managing Editor

Irene Naidoo | [irene@gcis.gov.za](mailto:irene@gcis.gov.za)

News Editor

Noluthando Motswai

Writer: More Matshediso

Graphic Designers

Tendai Gonese | Benny Kubjana

Production Assistants

Jauhara Khan | Sebastian Palmer

Language Practitioners

Nomgcibelo Motha | Boitumelo Phalathe  
Thandolunye Magudulela | Sizwe Ziqubu

All rights reserved. Reproduction of the newspaper in whole or in part without written permission is strictly prohibited.

Vuk'uzenzele  
is published by Government  
Communications (GCIS)



Printed by:



Distributed by:





# Veg teen misdaad, nie teen migrante

**O**ns nuwe demokratiese Grondwet het 25 jaar gelede tot stand gekom. Met die instelling van dié Grondwet het ons ons toewyding bevestig tot 'n samelewing geskoei op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en menseregte.

Ons het ons ook met die verlede verbreek. Daardie verlede het rassegebaseerde maatskaplike ordening behels wat aan die dag gelê is deur toevloei-beheer, werks-toekenning, groepsgebiede en die gevreesde dompas.

Toe ons voorvaders die Vryheidshandves, waarvan die beginsels in ons Grondwet opgeneem is, in 1955 opgestel het en verklaar het dat Suid-Afrika aan almal wat in die land woon behoort, was hulle doel 'n samelewing sonder etniese chauvinisme, stamorganisasie, rassisme en seksisme.

Dit is dus verontrustend hoe die onlangse gevalle van sentiment teen buitelanders in dele van die land 'n weerklank is van daardie verlede van apartheid.

Ons het gesien hoe mense deur private landsburgers op straat gestop word en geforseer word om hul immigrasiestatus te verifieer. Ons het gesien hoe sekere politieke leiers onwetenskaplike stellings maak oor immigrante om mense se besware vir politieke gewin uit te buit.

Ons het gesien hoe mense opgesweep word om mense se huise en besighede binne te val vir bewyse van kriminele aktiwiteit. Ons het gesien hoe mense aangeval word, aangerand word en selfs doodgemaak word na

aanleiding van hoe hulle lyk of omdat hulle 'n spesifieke aksent het.

Dit is wat apartheid se onderdrukkers gedoen het.

Hulle het gesê mense mag net in sekere gebiede woon, sekere besighede bedryf en sekere werke doen. Swartmense was onder apartheid vanselfsprekend onder verdinking en is deur die polisie gestop as hulle in sogenaamde wit gebiede gevind is. Swartmense is geforseer om 'n dompas te toon en as hulle nie een gehad het nie, is hulle in die tronk gegooi.

Ons kan nie toelaat dat sulke ongeregthede weer plaasvind nie.

Die onlangse gebeure in die Gautengse township Diepsloot was 'n tragedie. Sewe mense is in die bestek van 'n enkele naweek doodgemaak, wat tot protesaksie gelei het. Dié lewensverlies is betreurenswaardig, net soos die moord op 'n mede-Afrikaan van Zimbabwe, na bewering in 'n vigilante-aanval.

Misdaad is 'n ernstige probleem in dié land. Dit raak alle gemeenskappe en mense is na regte moeg daarvoor om in vrees vir misdadigers te leef.

In teenstelling wat deur sommige anti-immigrasiegroepe en individue beweerd word, word misdaad deur beide swart en wit, mans en vrouens, landsburgers en buitelanders gepleeg.

Misdaad, nie migrante nie, is die gemeenskaplike vyand waarteen ons moet saamstaan en veg.

Ons kan nie misdaad bestry met opsweping, geweld, intimidasie en vigilantisme teen buitelandse inwoners,

spesifiek inwoners van ander Afrika-lande, nie.

Ons besef dat baie gemeenskappe gefrustreerd is deur die skynbare onvermoë van die polisie om met misdadigers af te reken. Een van die mates wat ons onderneem het om die polisiemag se kapasiteit te vergroot is die werwing van 'n bykomende 12 000 polisiebeamptes.

Ons is ook besig om weer gemeenskapspolisiëringsforums regoor die land in te stel. Dié forums bring gemeenskappe en polisievertegenwoordigers byeen om plaaslike veiligheid te bevorder en die polisie aanspreeklik te hou.

Met dié dat ons ons stryd teen misdaad verskerp, is daar geen regverdiging vir mense om die reg in eie hande te neem nie.


Ons besef dat onwettige migrasie 'n risiko vir Suid-Afrika se sekuriteit, stabiliteit en ekonomiese vooruitgang behels.

Onwettige migrasie beïnvloed dienslewering en plaas bykomende druk op noodsaaklike dienste soos gesondheidsorg en onderwys.

Soos enige onafhanklike nasie het ons die reg om beleide en maatreëls te implementeer om die integriteit van ons grense te waarborg, die regte van Suid-Afrikaners te beskerm en aan te dring dat alle persone wat in die land woon wetlik die reg het om hier te wees.

Die beheer van migrasie is die verantwoordelikheid van die regering.

Geen private landsburger mag die rol van die immigrasie- of regstoepassingsowerhede inneem deur



daarop aan te dring dat buitelandse burgers identifikasie verskaf nie.

Kragtens Artikel 41 van die Wet op Immigrasie kan slegs 'n polisielid of immigrasiebeampte iemand versoek om hulself as 'n landsburger, permanente inwoner of buitelandse burger te identifiseer.

Indien dié beamptes vermoed, gebaseer op redelike gronde, dat die persoon onwettig in die land is, mag hulle aangehou word terwyl 'n ondersoek na hul status ingestel word. Wetstoepassingsowerhede moet tydens só 'n ondersoek die persoon se regte en waardigheid respekteer.

Die toepassing van migrasiewetgewing is vir die regering 'n prioriteit. Ons werk daaraan om te verseker dat daar met sindikate wat in samewerking met korrupte

beamptes immigrasiebedrog pleeg, afgereken word.

Soos alle ander besighede, moet besighede wat deur buitelanders bedryf word die toepaslike wette nakom, waaronder gesondheids- en veiligheidsmaatreëls, alle vereiste permitte en lisensies hê asook die nodige belasting betaal.

Ons is 'n demokrasie geskoei op die oppergesag van die gereg. Wetteloosheid gemik op buitelanders, met of sonder die nodige dokumente, sal nie geduld word nie.

Ons woede is dalk van gerig op mense van Zimbabwe, Mosambiek, Nigerië of Pakistan. More kan ons woede op mekaar gemik wees.

Kom ons fokus eerder daarop om misdaad te bestry, ongeag deur wie dit gepleeg word. **1**